# Lesing 27.06.2018 - DEEL 38 - Die belofte van alle Verbonde - DIE GEES

Die boekrol van Rut

2:14 En teen etenstyd het Boas vir haar gesê: Kom hierheen en eet **van die brood** en steek jou stukkie in die asyn. Daarop gaan sy langs die snyers sit, en hy het haar **gebraaide koring** gegee, en sy het geëet en versadig geword en **oorgehou**.

2:15 Toe sy [weer] opstaan om are op te tel, het Boas sy dienaars bevel gegee en gesê: Sy mag ook tussen die gerwe optel, en julle mag haar nie beledig nie.

2:16 En julle moet ook so nou en dan vir haar uit **die bondels uittrek** en dit laat lê, dat sy dit kan optel; en julle mag haar nie keer nie.

2:17 En sy het op die land opgetel **tot die aand**; en toe sy uitslaan wat sy opgetel het, was dit omtrent 'n efa gars.

2:18 En sy het dit weggedra; en toe sy in die stad kom, sien haar skoonmoeder wat sy opgetel het; ook het sy uitgehaal en **aan haar gegee** wat sy oorgehou het nadat sy versadig was.

2:19 Daarop vra haar skoonmoeder haar: Waar het jy vandag opgetel, en waar het jy gewerk? Mag hy geseënd wees wat in jou belang gestel het! En sy vertel haar skoonmoeder by wie sy gewerk het, en sê: Die naam van die man by wie ek vandag gewerk het, is **Boas**.

2:20 En Naómi sê vir haar skoondogter: Mag hy geseënd wees deur JaHWeH, wat Sy Medelye aan **lewende en dode** nie onttrek het nie. Verder sê Naómi vir haar: Die man is ons nabestaande, **hy is een van ons lossers.**

2:21 Toe sê Rut, die Moabitiese: Hy het ook nog vir my gesê: By my dienaars moet jy aansluit totdat hulle **klaar is met die hele oes wat aan my behoort**.

2:22 Daarop het Naómi haar skoondogter Rut geantwoord: Dit is goed, my dogter, dat jy met sy diensmeisies saam uitgaan en aan jou geen kwaad op 'n ander land aangedoen word nie.

2:23 So het sy dan by die diensmeisies van Boas aangesluit om are op te tel totdat hulle met die **garsoes en die koringoes** klaar was; **en sy het by haar skoonmoeder gewoon.**

*Mat 13:24 'N ANDER gelykenis het Hy hulle voorgehou en gesê: Die Koninkryk van die Hemele is **soos 'n Man wat egte saad in Sy land gesaai het**; [2 Ezra 8:44]*

Mat 13:25 maar terwyl die adamiete slaap, het Sy **vyand** gekom en **basterkoring** [lyk soos koring, maar die korrel is swart en bitter] onder die koring gesaai en weggegaan.

Mat 13:26 En toe die spruitjies opgeskiet en vrug gevorm het, toe verskyn die basterkoring ook.

Mat 13:27 En die diensknegte van die Besitter het gekom en vir hom gesê: Meester, het U dan nie suiwer **saad** in U land gesaai nie? Waar kry sy dan die basterkoring vandaan?

Mat 13:28 En Hy antwoord hulle: **'n Vyandige man** het dit gedoen. Toe sê die diensknegte vir Hom: Wil u dan hê dat ons hulle moet gaan bymekaarmaak?

Mat 13:29 Maar hy antwoord: Nee, dat julle nie miskien, as julle die basterkoring bymekaarmaak, die koring daarmee saam uittrek nie.

Mat 13:30 **Laat altwee saam groei tot die oes toe**, en in die oestyd sal Ek vir die maaiers sê: **Maak eers die basterkoring bymekaar en bind hulle in bondels** om hulle te verbrand, maar **bring die koring bymekaar in My Skuur**. [2 Ezra 4:32]

